

BELYDENIS VAN BELHAR EN KERKEENHEID

Die Sinode besluit om:

1. sy diepe spyt uit te spreek oor die feit dat die NG Kerk se huidige kerkregtelike bedeling dit onmoontlik maak vir die sinode om die Belydenis van Belhar as 'n vierde belydenisskrif kerkregtelik te aanvaar.

2. die Belydenis van Belhar by hernuwing te onderskryf omdat dit:

2.1 sy oortuiging en identiteit verwoord,

2.2 gelowiges inspireer om die evangelie te beliggaam in al ons verhoudings.

Die Sinode besluit ook om:

3. die tussen-orde (van die VG Kerk in Suider-Afrika en die NG Kerk) te benut om dringend die eenheid tussen die NG Kerk in Wes-Kaapland en die VGKSA (Kaapland) te implementeer, deur:

3.1 gemeentes aan te moedig om met VGK gemeentes in gesprek te tree oor eenheid en met behulp van die tussen-orde te verenig;

3.2 ringe aan te moedig om, met behulp van die tussen-orde, met hul naasliggende

VG Kerk-ringe te verenig;

3.3 bestaande verenigde ringe aan te moedig om formeel hulle eenheid te bekragtig in terme van die tussen-orde.

4. Die sinode spreek die wens uit om ons verhouding met die VGKSA (Kaapland) te verinnig en versoek die Moderatuur om met die VGKSA (Kaapland) se leierskap in gesprek te tree oor die moontlikheid om op sinodale vlak met die VGKSA (Kaapland) te verenig deur:

4.1 die besture en taakspanne van die diensgroepe / bedieninge van die onderskeie kerke se werksaamhede saam te voeg;

4.2 die moderamen van die Sinode van Wes-Kaapland en die Sinodale Kommissie

van die VGKSA (Kaapland) gesamentlik te laat vergader.

4.3 die moontlikheid te ondersoek om die volgende sinodesitting oor vier jaar 'n gesamentlike sinodesitting te hou.

SINODE WES-KAAPLAND BESLUIT OOR SELFDEGESLAG-VERHOUDINGS

Na 'n bespreking en stemproses wat meer as drie ure geduur het, is die voorstel van die moderamen, met bepaalde amendamente, deur die sinode goedgekeur. Twee amendamente is ingedien waarvan een aanvaar en die ander van die hand gewys is. Hier volg die die volledige voorstel wat goedgekeur is, soos aan Kerkbode verskaf

1. Die Sinode neem kennis van STLAS se verslag na aanleiding van die moderamen se opdrag aan STLAS, te wete:
 - 1.1 om die besinning in gemeentes oor selfdegeslagverbintenisse aan te moedig en te fasiliteer, en
 - 1.2 om 'n gefundeerde voorstel oor selfdegeslagverbintenisse via die moderamen aan die sinode voor te lê.
 2. Die sinode neem kennis dat 'n toenemende aantal gemeentes aan die hand van STLAS se gespreksmateriaal en versoeke, gesprekke oor selfdegeslagverbintenisse begin voer het en dat dit tot groter begrip vir mekaar se standpunte gelei het.
 3. Die sinode neem verder kennis dat gemeentes, ongeag die posisie wat ingeneem word, daarin slaag om:
 - 3.1 met integriteit, openheid, broosheid en respek aan die gesprek deel te neem,
 - 3.2 waardering te kry vir die kompleksiteit en sensitiwiteit van die saak,
 - 3.3 te besef dat dit uiteindelik oor die lewens en menswaardigheid van mede-broers en -susters in Christus gaan.
 4. Die sinode neem kennis dat verskille in die kerk ten opsigte van Skrifhantering en Skrifuitleg in hierdie saak tot 'n vasgelooptheid in die gesprek gelei het, en dat voortgaande besinning oor verantwoordelike Skrifuitleg steeds nodig is.
 5. Die sinode bely egter dat die eenheid van die kerk gefundeer is in 'n eenheid met Christus en die belydenisgrondslag, en dat hierdie eenheid nie verbroekel wanneer daar oor Skrifhantering en Skrifuitleg ten opsigte van hierdie saak verskil word nie, maar verryk en verdiep word.
 6. Die sinode is verbind tot 'n voortgaande en nederige diepe luister na mekaar, met respek vir mekaar se uiteenlopende benaderings, Skrifhantering en hermeneutiek.
 7. Die sinode moedig gemeentes aan om voort te gaan met die skep van gespreksruimtes vir gesonde geloofsonderskeidende gesprekke oor hierdie (en ander) teologies-etiese kwessies, en toe te sien dat:
 - 7.1 hierdie ruimtes inklusief en divers bly;
 - 7.2 nie oor ánder te praat nie, maar eerlik en broos vanuit die eie posisie, en
 - 7.3 daar werklik erns gemaak word met die Woord van God.
 8. Die sinode respekteer kerkrade se reg om geloofsonderskeidende gesprekke in hulle eie kontekste te voer en moedig kerkrade aan om deurdagte en verantwoordelike besluite te neem.
 9. Die sinode moedig kerkrade aan, om by die aanwysing van persone in die ampte, lidmate se:
 - 9.1 doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe,
 - 9.2 toegang tot die sakramente,
 - 9.3 integriteit van verhoudings, en
 - 9.4 geskiktheid vir die spesifieke rol in ag te neem
 - 9.5 ongeag ras, geslag, klas of seksuele oriëntasie en -identiteit.
- Prosesvoorstel vir die Algemene Sinode
10. By die legitimasie en ordening van teologiese studente, moet die studente se:
 - 10.1 doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe,
 - 10.2 toegang tot die sakramente,
 - 10.3 integriteit van verhoudings, en
 - 10.4 teologiese- en bedieningsvorming in ag geneem word, ongeag ras, geslag, klas, of seksuele oriëntasie en -identiteit.